

Familietrusts: Spaar só om belasting te beperk

Polishouersfonds beste manier om blootstelling aan taks te bestuur

Nico van Gijzen



Raad met jou rande

Is daar 'n manier om die hoë belastingings in 'n trust hok te slaan? En as daar is, wat is die beste?

Ek kyk vandag na dié vraag met spesifieke klem op beleggings wat in 'n trust gehou word.

'n Trust kan 'n uitstekende stuk gereedskap wees om bates te hou tot voordeel van 'n ander. Byvoorbeeld kinders of ander naasbestaendes genoem begunstigdes.

'n Trust is eweneens van waarde om bates uit jou boedel te hou om dit te beskerm teen persoonlike eise. En ja, ook om boedelbelasting te beperk as alles reg gedoen word.

Dis is waarop ek vandag wil fokus: 'n Trust wat bedoel is om 'n trust in die ware sin van die woord te wees. En dan, soos genoem, waar die trust gebruik word om beleggings in te hou.

Hoër belasting

Juis om belastingspelletjies met trusts in bedwang te probeer bring is die belastingwette die afgelope paar jaar nogal drasties aangepas. Soveel so dat 'n trust tans belasting betaal teen die hoogste koerse van enige belastingbetaler.

Op inkomste (byvoorbeeld rente verdien op beleggings in 'n jaar) is die koers 45%. Daar is nie 'n glyskaal soos die geval is met natuurlike persone (tussen 18% en 45%) nie. 'n Trust betaal dit van die eerste rand. Daar is ook nie kortings of rentevrystellings vir 'n trust nie.

Op die winste uit aandele en eiendom betaal 'n trust kapitaalwinstbelasting (KWB) teen 'n vaste koers van 36%, teenoor 'n maksimum van 18% vir natuurlike persone. Weer, 'n trust het geen van die KWB-vrystellings en kortings wat natuurlike persone geld nie.

Slim vang sy baas

Toe ek nou die aand met iemand hieroor gesels, laat hy my verstaan dat ja, hy weet, maar sy ouditeur het 'n "slim manier" om om die probleem te kom.

Die waarheid is, daar is net een manier. En dit is glad nie so slim nie.

Wat dié "slim manier" behels is om die rente-inkomste en kapitaalwinste in die jaar wat dit deur die trust verdien word toe te ken aan 'n begunstigde van die trust, maar dit dan nie uit te betaal nie.

Op dié manier word dit belas in die hande van daardie begunstigde teen die belastingkoers wat natuurlike persone geld. Die begunstigde geniet ook die vrystellings en kortings wat die trust nie het nie.

Tot hier dalk "slim". Waar dit nie so slim is nie, is dat die begunstigde dan 'n gevestigde reg op daardie deel van die trust se beleggingsgeld verkry. En onmid-

delik word die beskerming wat die trust bied waarna ek hierbo verwys tot niet gemaak. Skuldeisers sou byvoorbeeld daarop beslag kan lê.

En wil iemand tog net vir my verduidelik hoe enige mens bereid sal wees om teen 'n hoër marginale koers belasting te betaal (onthou, die trust-inkomste word nou by die begunstigde se inkomste gevoeg wat sy belastbare inkomste verhoog) en nie die finansiële voordeel daarvan sal wil verkry nie.

Dalk as hy nie weet nie? Dalk as daar oneerlike spelletjies gespeel word met belastingopgawes?

Polisbaadjie vir die trust

My voorstel is, en dit is nie uniek nie, enige finansiële beplanner wat sy of haar sout werd is sal só werk om beleggings in 'n trust in 'n sogenaamde polisbaadjie toe te draai. Laat ek verduidelik.

Art. 29A van die Inkomstebelastingwet (Wet 85 van 1962) skep wat ons noem die vyffonds-benadering. Sonder om te tegnies en vervelig te raak - dis belangrik dat een van die vyf fondse bekend staan as die individuele polishouersfonds. Soos sy naam aandui, dit is waar die geld van individue gehou word.

Art. 29A(5) is tersaaklik vir polisse wat deur trusts gehou word. En dit behels dat as al die begunstigdes in die trust natuurlike persone is, word die poliseienaar (in dié geval die trustee namens die trust) geag 'n individu te wees. En word die trust nie belas op inkomste en

kapitaalwinste as 'n trust nie, maar word belasting gehê binne die individuele polishouersfonds.

En dit is waar "slim" eintlik lê. Binne die polishouersfonds word belasting gehê teen 'n koers van 30% op inkomste en 12% KWB. Vergelyk dit met die belastingkoerse wat ek hierbo noem.

Wat betref die onderliggende bates in die polis het jy (of liewer die trust) toegang tot dieselfde beleggingsfondse as wat jy sou gehad het as jy direk in daardie fondse belê het. Wat diversifisering van jou onderliggende bates in die belegging betref, is dinge dus dieselfde.

'n Trust kan net nie direk in die buiteland belê nie. Dit kan egter gedoen word deur bateruil-fondse te gebruik waar die trust hier in rand belê, die geld in die buiteland groei en dan weer hier in rand sal uitkeer.

Die ander vereiste van 'n polis as spaarmedium is dat die geld vir 'n vyfjaartermyn daarin belê moet wees om die belastingvoordeel te kan kry.

En die laaste pluspunt van my voorstel: Ná die vyf jaar kan die trustbegunstigdes 'n belastingvrye inkomste uit die trust kry as die trustees so besluit.

■ Nico van Gijzen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: [@Nicovangijzen](https://twitter.com/Nicovangijzen).

